# HOOFSTUK VIII.

## SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN IMPLIKASIES.

### 1. Samevatting.

(a) Waar ons nou aan die einde van ons uiteensetting gekom het, wil ons ten slotte kortliks let op die belangrike opvoedkundige prestasies wat die Morawiese Broeders in verband met die opheffing van die Hottentotte gelewer het.

Nadat die Ou Boheemse Broederkerk wat met behulp van waardige voorlopers soos Johannes Huss, Petrus van Chelcic, Gregorius, Johannes Augusta en Amos Comenius tot stand gebring is, op 13 Augustus 1727 met medewerking van die vrome graaf Nikolaus Ludwig von Zinzendorf deur die Hernude Broederkerk ('n kerk binne die Lutherse Kerk) vervang is, is in die daaropvolgende jaar op inisiatief en aanvuring van laasgenoemde 'n bond van ongehude broeders, wat hulle vir sendingwerk onder die heidene afgesonder het, in Herrnhut, Morawië, gesluit. Met behulp van hierdie jongmanne en ander geesdriftige navolgers is sedertdien wêreldwye sendingpogings wat tot die beskawing en kerstening van duisende inboorlinge in sowat 36 gebiede van die wêreld gelei het, van stapel gestuur.

Alhoewel daar reeds gedurende die tweede helfte van die sewentiende eeu Hottentotte aan die Kaap gedoop en as lidmate van die Christelike Kerk aangeneem is, is hierdie minderbevoorregte gedeelte van die Kaapse bevolking nog altyd in die grootste onkunde, wat die algemene onderwys betref, gelaat. Ook ten opsigte van sistematiese sendingwerk het die bewindhebbers van die Hollands Oos-Indiese Kompanjie aan die Kaap geen begrip gehad nie en vanweë die feit dat die moederkerk in Holland hulle ook nie daartoe aangemoedig het nie, is die kerstening van die heidene aanvanklik oor die hoof gesien. Nietemin het daar met verloop

van tyd stemme soos dié van ds. Petrus Kalden (1707), twee Protestantse sendelinge, Ziegenbalg en Plütschau wat in Indië werksaam was (1706), Georg Böving en Francois Valentyn in sy werk „Beschreijvinge van de Kaap de Goede Hoop" (1726), ten behoewe van die Kaapse heidene opgegaan. Dientengevolge het twee Gereformeerde predikante in Holland, di. Van Alpen en De Bruijn, tot die oortuiging gekom dat sendingwerk in Suid-Afrika 'n noodsaaklikheid is en, aangesien die sukses van die Morawiërs in Groenland en Wes-Indië aan hulle reeds bekend was, het hulle Von Zinzendorf, die ywerige kampvegter vir die sendingsaak, in 1736 versoek om iemand na die Kaap te stuur.

Die eerste stelselmatige poging om die Hottentotte in die besonder te beskaaf en in die algemeen op te voed is in 1737 deur die Herrnhutterse sendeling, Georg Schmidt, aangewend. Nadat hy sy dienste by die Here Sewentien aangebied het om onder die Kaapse Hottentotte te arbei, het hy, met hierdie doel voor oë, op „'t Huis te Rensburg" na Suid-Afrika vertrek en op 9 Julie 1737 in Tafelbaai aangekom. Reeds in September 1737 vestig hy hom onder die Hottentotte by Zoetemelksvlei, die Kompanjie se buitepos langs die Riviersonderend, nadat hy deur die Kaapse predikante ondervra is. Hier het hy sy beskawingstaak aangevoor deur te probeer om die taal van sy „gemeente" aan te leer, maar spoedig het hy tot die oortuiging gekom dat die aanleer van Hottentots 'n baie moeilike en tydrowende taak sou wees en gevolglik het hy hulle Hollands begin leer. Na 'n verblyf van sewe maande op Zoetemelksvlei het hy na Baviaanskloof langs die Sersantsrivier, 'n plek sowat 12 myl van genoemde buitepos, verhuis. Hier hy het vir enige jare sy onderwyswerk voortgesit deur op Sondae die Evangelie te verkondig en tydens weeksaande volwassenes en kinders te onderrig.

Namate daar 'n kentering by sommige heidene te bespeur was, het hy hom nie uitsluitlik by godsdiensonderrig beperk

nie, maar ook daartoe oorgegaan om sy bekeerlinge te begin doop. Ofskoon Schmidt in hierdie verband 'n skriftelike oorkonde van Von Zinzendorf in 1742 ontvang het, was sy bedrywighede egter strydig met die bepalings van die Nasionale Sinode van Dordrecht wat vereis het dat skoolmeesters eers ondersoek moes word alvorens hulle kon gaan skoolhou en dat hulle in hulle skole die leerstukke van die Gereformeerde Kerk moes onderwys. Aangesien hy nie ondersoek is nie, het goewerneur Swellengrebel hom verbied om ander volgelinge te doop, terwyl die drie Gereformeerde predikante, F. le Sueur, W. van Gendt en S. van Echten, wat met die ondersoek van die saak belas was, die Klassis van Amsterdam versoek het dat hy deur 'n sinodale ordonnansie en resolusie beveel moes word om na sy land terug te keer. Ten einde die Hottentotte in die Christelike Gereformeerde Godsdiens te onderwys, het hulle die Klassis verder versoek om by die Here Sewentien aan te dring dat twee of ten minste een sieketrooster gestuur moes word om Schmidt te vervang. Daar die Here Sewentien dit ook eens was dat laasgenoemde sy bevoegdhede te buite gegaan het, het die posisie vir die sendeling-pionier onuithoudbaar geword. In Oktober 1743 het hy van sy volgelinge afskeid geneem en in Maart 1744 het hy na Herrnhut vertrek vanwaar 'n paar tevergeefse pogings aangewend is om die werk alhier te hervat.

(b) Na die vertrek van Schmidt is die Hottentotte andermaal aan hulself oorgelaat om in onkunde te lewe. Teen die einde van die eeu is weereens 'n poging deur biskop Johann Friedrich Reichel, 'n gesaghebbende verteenwoordiger van die Morawiese Sendinggenootskap, wat Kaapstad in 1787 op sy terugreis van Indië besoek het, aangewend om die werk van Schmidt te hervat. Hierdie poging was nie vrugteloos nie, aangesien die nuwe denkbeelde in verband met onderlinge verdraagsaamheid in Holland begin ingang vind het en die ou beleid van cujus regio, illius religio hoe langer

hoe meer opsy geskuiwe is. Nadat dan 'n versoek, waarin verlof gevra is om twee of drie sendelinge na die Kaap te stuur om die Hottentotte te onderwys en 'n gemeente op te bou, deur baron Von Rantzau en C.D. Rothe, namens die gedeputeerdes aan die Here Sewentien gerig is, is hulle verlof toegestaan en teen die einde van 1792 het drie Morawiese sendelinge, Hendrik Marsveld, Daniel Schwinn en Johann Kühnel die werk onder sowat 200 Hottentotte in Baviaanskloof hervat.

Vanweë die beskerming wat die Morawiese Broeders gedurende die laaste jare van die Kompanjie se bewind van die owerhede geniet het, het hulle geen gras onder hulle voete laat groei nie, en binne enige maande 'n woonhuis voltooi, (1793), 'n tuin aangelê en 'n skool vir volwassenes sowel as kinders geopen. As gevolg van die buitengewone gretigheid om onderrig te ontvang, het meer en meer Hottentotfamilies van heinde en ver na Baviaanskloof gestroom. Benewens die gewone onderrig in die dagskool, is elke aand ook dienste gehou by welke geleentheid geen preek gelewer is nie, maar slegs een of enige Bybeltekste in eenvoudige Hollands aan hulle verklaar is. Langs hierdie weë het Gods gees kragtig begin werk en teen die einde van die tweede jaar is die eerste tekens van 'n geestelike herlewing onder sommige volgelinge reeds bespeur.

Ondanks hierdie bemoedigende vordering het die sendelinge gedurende die eerste jare ook met heelwat moeilikhede soos die opkommandering van Hottentotte deur die regering die suspisie en teësinnigheid van die Nederduits-Gereformeerde predikante, meer bepaald ds. Meent Borcherds van Stellenbosch, die begryplike antipatie van die boere, vanweë gebrek aan werkvolk en onderwysfasiliteite asook die openlike vyandskap van Marthinus Theunis, die beampte van die Kompanjie te Zoetemelksvlei, te kampe gehad.

Dit ten spyt is daar nogtans belangrike vordering tydens die Eerste Britse Bewind (1795-1803) gemaak. Behalwe godsdienstige en letteronderrig het die sendelinge, wat terselfdertyd vaardige vakkundiges was, die Hottentotte ook geleer om nuttige arbeid te verrig. Hierdie eerste beskawende invloede het vanuit die staanspoor prikkelend gewerk en geleidelik het die sendingstasie met behulp en voorligting van hierdie kranige leermeesters die vorm van 'n dorpie aangeneem. Benewens die aanplanting van meer vrugtebome, wingerdstokke en groente in die sendingtuin, is vervolgens 'n kerkgebou in 1796, 'n watermeul en 'n smidswinkel vir die vervaardiging van wingerdmesse in 1797 opgerig.

Teen 1798 het die Morawiese Broeders hulle eerste moeilikhede te bowe gekom en die politieke krisis wat hulle aanvanklik soveel hoofbrekens besorg het was 'n saak van die verlede. Dientengevolge het die Sendingdireksie besluit dat die tyd ryp was om die sendingbedrwyighede aan die Kaap te reorganiseer en vir die suksesvolle deurvoering daarvan is derhalwe meer arbeidskragte asook 'n superintendent, eerw. J.P. Kohrhammer, wat in 1798 deur eerw. C.J. Rose opgevolg is, aangestel. Bowendien is in die daaropvolgende jaar ook 'n ruimer kerkgebou met behulp van die ingesetenes opgerig terwyl die ou gebou in 'n woonkwartier vir die getroude sendelinge omskep is.

Tydens die Bataafse Bewind (1803-'06) het die opvoedkundige bedrywighede te Baviaanskloof buitengewone vordering gemaak. Die Broeders het nog steeds die Hottentotte in godsdiens, lees en skrif onderwys, terwyl die gades van die sendelinge die meidjies in naaldwerk, brei en ander huishoudelike werksaamhede onderrig het. Benewens die daaglikse onderrig en die verskaffing van volwasse-onderrig in die verskillende industrieë, is gereeld twee- of driemaal per week kerk gehou. Selfs die algemene voorkoms van die sendingstasie en beskawingspeil van die ingesetenes het grootliks

verbeter aangesien die neersetting wat toe uit sowat 200 huisies en hutte bestaan het, elk van 'n klein groentetuintjie van sowat 25 by 15 tree asook 'n groot stuk koringland vir gemeenskaplike bewerking, voorsien was. Origens is ook 'n allesins prysenswaardige goeie orde deur die sendelinge onder hulle volgelinge gehandhaaf, sodat hulle hul selde aan buitensporighede skuldig gemaak het.

Beide Janssens en De Mist wat tydens hulle reise na die binneland Baviaanskloof besoek het, was altwee baie ingenome met die werk wat deur die Herrnhutters aldaar verrig is. Ter ondersteuning van hulle prysenswaardige pogings het die Kommissaris dan die Goewerneur en Raad versoek om aan die „Instituut der Evangelische Broederen, tot beschaving en Onderwijs der Hottentotten" 'n som van 250 riksdalers as 'n blyk van die regering se goedkeuring en beskerming te betaal. Hierbenewens is ook op aanbeveling van goewerneur Janssens die sendingstasie vroeg in 1806 tot die aantrekliker naam, Genadendal, verdoop.

Behalwe die sendingbedrywighede te Baviaanskloof, is vanaf 1804 op versoek van die Bataafse Bewindhebbers ook nuttige beskawingswerk deur die Morawiese sendeling, J.P. Kohrhammer, onder die pandoers te Wynberg verrig.

(c) Vanaf 1806 tot 1839 is vir die eerste maal doelbewuste pogings deur die Morawiese Broeders aangewend om die sendingsfeer in die Kaapkolonie uit te brei. So is dan op versoek van graaf Caledon, wat die welsyn van Hottentotte en ander gekleurdes op die hart gedra het, 'n tweede sendingstasie te Groenekloof (Mamre) tussen Kaapstad en Saldanhabaai in 1808 aangelê. Tydens die ampstyd van eerw. H.P. Hallbeck as Superintendent (1817-'40) is hierdie uitbreidingsproses verder met krag voortgesit en so is 'n paar jaar later 'n volgende sendingstasie te Enon aan die Witterivier (1818) gestig en die melaatse instituut vir gekleurdes te Hemel-en-Aarde (1823) van die Kaapse regering oorge-

neem. Hierbenewens is in 1824 die plaas Vogelstruiskraal, waar die sendingstasie Elim ontstaan het, in die distrik van Bredasdorp aangekoop, terwyl in 1828 'n werkkring te Silo op die Oosgrens vir die Tamboekies en in 1839 een te Clarkson in die Tsitsikama vir die Hottentotte en die Fingoes aangelê is.

Op die skenkingstasies, Genadendal, Groenekloof, Enon en Mamre het die ingesetenes 'n woonerf, 'n besproeibare tuinerf, 'n saailand en die reg om 'n sekere aantal diere aan te hou, besit. In die geval van die eiendomstasie, Elim, is die neersetters toegelaat om eiendom te huur en te bewoon solank hulle hul volgens plaaslike regulasies gedra.

Vanweë die groter aantal sendelinge wat gedurende die eerste helfte van die neëntiende eeu tot die arbeidsveld toegetree het, is op alle sendingstasies net soos in Genadendal hard gespook om die heidene te beskaaf en daarna te kersten. Op sommige sendingstasies soos Enon, Hemel-en-Aarde, Silo en Clarkson waar nie die nodige fasiliteite in die vorm van woonhuise en buitegeboue soos te Elim en Groenekloof bestaan het nie, is aanvanklik tydelike geboue wat as „versamelhuise" gedien het, opgerig. Namate meer fondse beskikbaar was, is in die daaropvolgende jare kerkgeboue vir Groenekloof (1818), Enon (1821), Hemel-en-Aarde (1828) en Elim (1835) met behulp van die Sendingdireksie daargestel.

Benewens die verkondiging van die Evangelie op Sondae, is heelwat huisbesoek deur die sendelinge gedoen ten einde die heidene deur middel van persoonlike gesprekke tot bekering te bring. Bowendien is baie tyd aan die onderrig en voorbereiding van „nuwelinge", doopkandidate en avondmaalskandidate bestee. Afsonderlike byeenkomste vir kinders, ongetroudes, getroudes, weduwees en wewenaars is ook gehou en by hierdie geleenthede is vermanings en voorligting vir elke stadium van die lewe ingeskerp. Origens is op vasgestelde

tye 'n „Algemene Spreken" gehou by welke geleenthede persoonlike gesprekke met individuele lede gevoer en spesiale advies na gelang van omstandighede deur die leraar en sy gade verskaf is. Aangesien hierdie veelvuldige pligte alle aandag van die leraars en hulle gades in beslag geneem het, is verder met die oog op die handhawing van orde ook „sendelinghelpers" vir groot gemeentes aangestel om met die besoek van siekes en verstrekking van verslae aan die sendelinge te help.

Wat die algemene skoolwese betref, is alle belowende vooruitsigte vir die ontwikkeling van 'n eie nasionale onderwysstelsel soos deur die Bataafse owerhede gepropageer met die finale oorgawe van die Kaap in 1806 'n genadeslag toegedien. Ten spyte van die doelbewuste pogings van die vorige regering het die onderwys van die Kolonie in die algemeen en van die binnelande in die besonder, nog veel te wense oorgelaat. Graaf Caledon het hierdie toestande deeglik besef, maar sy opvolger, sir John Cradock, was egter die eerste Engelse goewerneur wat sy ernstige aandag aan die saak van die onderwys van die koloniste geskenk het. Hoewel hy nog samewerking met die destydse onderwysliggaam, die Bybel- en Skoolkommissie, verwelkom en geen ingrypende veranderings aangedurf het nie, was dit duidelik dat die beleid van die nuwe regeerder en sy opvolger, lord Charles Somerset, die verengelsing van die gebied sou wees.

Vanweë hierdie nuwe beleid het allerlei privaatskole opgebloei terwyl die Morawiese en ander sendinggenootskappe meer skole vir nie-blankes gestig het. So is gedurende hierdie periode, behalwe die afsonderlike skole vir jongetjies en meisies te Genadendal, ook skole vir die ander sendingstasies te Mamre, Enon, Elim en Silo geopen. Met die oprigting van doelmatige skoolgeboue is daar egter aanvanklik getalm. Gevolglik is kerke of kerklokale voorlopig gebruik tot tyd en wyl aparte skoollokale soos in die geval

van Genadendal (1814), daargestel kon word.

In al hierdie sendingskole het die sendelinge, bygestaan deur hulle gades, beurtelings aan die kinders en die volwassenes onderwys gegee. Godsdiens- en letteronderrig het 'n belangrike deel van hulle dagtaak uitgemaak, terwyl onderrig in „breiden, naaijen, borduren en andere vrouwelijke werkzaamheden" deur die vroue van die sendelinge aan die meisies verskaf is.

Tydens die dertigerjare het vervolgens belangrike ontwikkelings insake die skoolwese gevolg. Hierdie ontwikkelings,wat veral tot die stigting van kleinkinderskole te Genadendal (1831), Elim (1832), Groenekloof (1833) en Enon (1835) aanleiding gegee het, het weer op hulle beurt 'n tekort aan leerkragte geskep. Ofskoon die eerste twee Kleurlingonderwysers reeds in 1828 deur eerw. Hallbeck voorberei is, het die eintlike opleiding van kwekelinge eers in 1838 begin toe die Genadendalse Kweekskool met behulp van die Schönburg-Waldenburg-legaat, daargestel is.

Behalwe hierdie bemoedigende vordering op onderwysgebied is op alle sendingstasies ook landboukundige, vakkundige en industriële voorligting ter bevordering van die materiële welvaart van volwassenes verskaf.

(d) Gedurende die periode 1839 tot 1869 het eerww. C.L. Teutsch (1840-'51), C.R. Kölbing (1851-'60), J.F. Kühn (1860-'65) en W.F. Bechler (1865-'74) agtereenvolgens in hulle hoedanigheid as superintendente die geestelike leiding en organisasie van die Morawiese Sending in Suid-Afrika waargeneem. Net soos hulle voorganger, eerw. Hallbeck, het ook hulle 'n doelbewuste uitbreiding van die sendingsfeer voorgestaan en dientengevolge is nuwe sendingstasies op die platteland asook buitestasies wat vanuit die hoofstasies bearbei is, aangelê. Benewens die bestaande sendingstasies is vervolgens 'n nuwe skenkingstasie, Mamre-aan-die-Bicha

(1847), twee eiendomstasies, Goedverwacht (1858) en Wittewater (1859) en vry- of buitestasies te Kopjeskasteel (1838), Twistwyk (1853), Houtkloof (1853), Jacobs Kapelle, Mamre (1860), Berea (1865), Wittekleibosch (1866) en Snyklip (1866) aangelê. Origens is ook 'n nuwe werkkring op Robbeneiland, waarheen die melaatse instituut te Hemel-en-Aarde in 1846 oorgeplaas is, geopen. Die bestaan van sommige van hierdie stasies was slegs kortstondig en so verneem ons dat die sendingbedrywighede te Mamre-aan-die-Bicha (1851), Kopjeskasteel (1865) en Robbeneiland (1867) weer prysgegee is.

Aangesien daar nog heelwat ander sendingstasies onder die Naturelle in die Oostelike Provinsie aangelê is, het die Algemene Sinode in 1869 die arbeidsfeer in die Kaapkolonie in twee verdeel en sedertdien is daar in die Westelike Kaapprovinsie slegs onder die Kleurlinge gearbei.

Ondanks hierdie vordering het die Morawiese sendelinge heelwat moeilikhede in verband met die bestuur van die skenkingstasies ondervind. Die feit dat hierdie stasies op aandrang van negrofilistiese elemente in die Kaapse parlement in 1854 nie in munisipaliteite omskep is nie, kan slegs aan die toedoen van eerw. Kölbing wat die gevaar daarvan ingesien en met sukses daarteen geprotesteer het, toegeskrywe word.

Ook op kerklike gebied is heelwat vordering gemaak. So is gedurende hierdie periode nuwe godshuise vir Clarkson (1840), Houtkloof (1853), Elim (1865) en Berea (1865) opgerig, terwyl tydelike geboutjies vir Goedverwacht, Wittewater en Jacobs' Kapelle (Mamre) daargestel is. Wat die aard en inhoud van die godsdienstige en morele onderrig betref, het daar geen wesentlike verandering plaasgevind nie, maar aangesien die omvang van die arbeidsfeer vir die beperkte aantal sendelinge te uitgebreid geraak het, is van „sendelinghelpers" in die groot en buitegemeentes gebruik

gemaak. Bowendien is vanaf 1859, toe 'n drukpers vir die Kweekskool beskikbaar gestel is, ook getrag om deur middel van gesonde lektuur die geestelike en morele welvaart van gemeentelede te bevorder. Behalwe tydskrifte soos „De Bode" (1859), 'n maandblad vir volwassenes, en „Het maandbladje voor Kinderen" (later „De Kindervriend" genoem)(1861), is ook traktaatjies ter bestryding van maatskaplike euwels en boeke vir die vergemakliking van gemeentelike werk, uitgegee.

Aangaande die opleiding van Kleurlingkwekelinge aan die Genadendalse Kweekskool is ook bemoedigende vordering gemaak. Onder die bekwame leiding van eerww. C.F. Francke (1837-'39), C.A. Küster (1839-'40), S. Gysin (1840-'42), C.R. Kölbing (1842-'45), D.W. Suhl (1845-'55), H.B. Marx (1855-'65) en R.J. Ballein (1865-'82) wat gedurende hierdie periode as direkteure en huisvaders van die normaalskool opgetree het, is sulke voortreflike werk verrig dat dit spoedig die aandag van sir Langham Dale, die destydse Superintendent van Onderwys in Kaapland, getrek het. Begerig om hierdie bloeiende inrigting in 'n opleidingsentrum vir Kleurlingkwekelinge vir Wes-Kaapland te omskep, het hy vervolgens aan die Sendingdireksie voorgestel dat die Onderwysdepartement bereid sou wees om £100 aan salaris vir die onderwyser en £12 vir die opleiding van elke kwekeling by te dra, mits die medium van die inrigting „thoroughly English" sou wees, studente van ander sendinggenootskappe toegelaat, en die Genadendalse Sendingskool in 'n modelskool met 'n blanke onderwyser aan die hoof, omskep kon word. Aangesien die Sendingdireksie nie die karakter van die normaalskool wou skend nie, is die aanbod van dr. Dale nie aanvaar nie.

Selfs die algemene skoolwese het gedurende hierdie periode belangrike vordering gemaak. Hierdie vordering was veral te danke aan die feit dat daar in 1841 deur die toedoen van Rose-Innes, die eerste Superintendent van Onder-

wys, staatsteun onder sekere voorwaardes aan sendingskole in die algemeen toegesê is. Hierdie beginsel van staatshulp, aangevul deur plaaslike inisiatief, het ook ten grondslag van die Regulasie van 1843 gelê toe 'n geldelike toelaag van £30 per jaar tot die salaris van die onderwyser bygedra is op voorwaarde dat die Sendinggenootskap die orige deel van die salaris moes bybring asook die skoollokale en die huis van die onderwyser moes verskaf.

Tydens die bewind van sir Langham Dale het verdere staatsondersteuning gevolg en deur die Onderwyswet van 1865 is afsonderlike tegemoetkomende voorsiening vir sendingskole toegestaan. Ooreenkomstig hierdie wet is sedertdien geldelike toelaes wat van £15 tot £75, ooreenkomstig die aard van die werk gevarieer het, aan onderwysers betaal. Hierdie staatsteun kon slegs vir salarisdoeleindes aangewend word, terwyl skoolgeboue en -meubels deur die sendinggenootskap verskaf moes word. Dientengevolge is vanaf die vyftigerjare vir die eerste maal skoolgelde gevra om sodoende die stygende onkoste wat die verhoogde staatsteun meegebring het, die hoof te bied.

Nietemin het die bestendiging van staatshulp deur die wet van 1865 'n belangrike stoot aan die stigting van nuwe skole gegee. Met die hulp wat die Morawiërs van die regering ontvang het, is ywerig gewoeker en so is naas die bestaande dagskole op die ouer stasies ook nuwe skole vir Clarkson (1840), Houtkloof (1845), Goedverwacht (1846) en Wittewater (1860) gestig. In al hierdie gevalle behalwe Clarkson, waar in 1840 'n nuwe skoolgebou opgerig is, is tydelike lokale vir kerk- en skooldoeleindes aangewend.

Die onderwys in die sendingskole was nog steeds godsdienstig van aard, maar gaandeweg is behalwe lees, skrywe en reken ook ander vakke in die leerplan opgeneem. As gevolg van hierdie reorganisasie van die onderwys vir nie-

blankes, het volwasse opvoeding geleidelik afgeneem en so is daar teen die einde van hierdie periode met behulp van die sendelinge en Kleurlingonderwysers slegs op die onderrig van leerlinge in die dagskole gekonsentreer.

(e) Nadat eerw. W.F. Bechler in 1874 die tuig as Superintendent neergelê het, het sy opvolgers, eerww. P.O. Hennig (1892-1902), K.T. Wolter (1902-'12) en R.J. Marx (1912-'35) nie alleen die beleid van uitbreiding na die platteland met groot nougesetheid doelbewus voortgesit nie, maar ook nuwe gemeentes vir rondtrekkende lidmate in Kaapstad en Port Elizabeth vir die eerste maal aangelê.

As gevolg van 'n hele reeks aankope en die vriendelike medewerking van grondeienaars is daar gedurende hierdie periode vrystasies te Pella (1869), Moravian Hill, Kaapstad (1886), Moravian Hope, Port Elizabeth (1898), Maitland, Kaapstad (1903), Seaview, Port Elizabeth (1903), Bloulieliesbosch (1914) en Lansdowne, Kaapstad (1916) asook buiteposte te Tygerhoek (1878; 1906) en Greyton vanuit Genadendal, Zondagskloof (1878) vanuit Elim, Etembeni (1894), Elindale (1894) en Berseba (1900) vanuit Enon, Kapteinskloof en Verlorenvlei (1899) vanuit Goedverwacht, Walmer (1902) vanuit Moravian Hope, Woodlands (?) en Kafferbos (?) vanuit Clarkson en Westwood (1904), Midland (1904) en Modderrivier (1906) vanuit Mamre aangelê. Aangesien sommige van hierdie en vroeër gemelde stasies en buiteposte hulle bestaan nie kon regverdig nie, moes Etembeni en Elindale (1900), Twistwyk (1905) en Seaview (1910) na enkele jare weer prysgegee word.

Ondanks hierdie bemoedigende uitbreiding is die burgerlike en kerklike gang van sake op die skenkingstasies, Genadendal, Mamre en Elim (Clarkson uitgesonderd) deur allerlei stoornisse van kwaadwillige agitators, ernstig bedreig en vertroebel. Ten einde 'n end aan al hierdie beroeringe te maak, is uiteindelik in 1909 die „Land Mission

Bill" op versoek van die sendelinge deur die Kaapse parlement geloods en sedertdien word alle gemeenskaplike aangeleenthede op versoek van bovermelde stasies, deur die ingesetenes self behartig, terwyl die sendelinge slegs die geestelike bearbeiding waarneem. Wat die eiendomstasies betref, waar die sendeling met alle mag beklee was, het dergelike ontwrigting nooit voorgekom nie.

Kragtens 'n besluit van die Algemene Sinode in 1869 is gedurende hierdie periode doelbewus daarna gestreef om meer selfstandige gemeentes wat deur hulle eie leraars bedien kon word, in die lewe te roep. Gevolglik is naas Genadendal, Mamre, Enon, Elim, Clarkson en Wittewater, ook ander stasies soos Pella, Wittekleibosch, Goedverwacht, Moravian Hill , Moravian Hope, Maitland en Blouleliesbosch tot die status van selfstandige gemeentes verhef, vanwaar bovermelde buiteposte bearbei is.

Voorts is ook met behulp van legate, finansiële hulp van die Sendingdireksie en die gewillige bydraes van die ingesetenes, nuwe godshuise te Pella (1869), Moravian Hill (1886), Genadendal (1895), Goedverwacht (1896), Moravian Hope (1901), Wittewater(1912) en Blouleliesbosch (1914) op gerig. Selfs vir buiteposte is goed voorsiening gemaak, aangesien byna almal oor 'n lokaaltjie wat vir kerk- en skooldoeleindes gebruik is, beskik het.

As gevolg van hierdie buitengewone uitbreiding was die sendelinge vanweë die beperkte aantal arbeidskragte nie meer instaat om alleen die geestelike bearbeiding waar te neem nie. Aangesien die Sending op hierdie stadium ook nie meer met 'n kompakte heidendom te kampe gehad het nie, is vervolgens van opgeleide evangeliste op hoofstasies en diensdoende onderwysers met amptelike opdrag op buitestasies gebruik gemaak. In 1883 het 'n verdere stap gevolg toe biskop Kühn tydens sy amptelike besoek twee kleurlingonderwysers, Carl Jonas en Johannes Zwelibanzi, tot leraars van

die Morawiese Broederkerk georden het.

Aangesien die behoefte aan gekleurde evangeliedienaars steeds groter en groter geword het, is in 1887 vir die eerste maal 'n Teologiese klas, later Bo- of Bybelklas genoem, aan die kweekskool deur eerw. T.G. Renkewitz ingestel. Tot hierdie tweejarige kursus wat veral 'n studie van vakke soos Bybelstudie, Bybelkunde, Kerkgeskiedenis, Geskiedenis van die Morawiese Broederkerk en Duits ingesluit het, is slegs kwekelinge na aflegging van hulle onderwyserseksamen, toegelaat. Na aftrede van eerw. Renkewitz in 1904 is die opleiding van Kleurlinggeestelikes agtereenvolgens met tussenposes deur eerww. A.A. von Dewitz, T.D. Schreve en R.J. Marx waargeneem.

Dat hierdie Kleurlinggeestelikes in medewerking met hulle blanke kollegas 'n buitengewone bydrae in verband met die geestelike en morele opheffing van hulle volksgenote gelewer het, kan nie betwyfel word nie, maar aangesien daar tot 1910 so 'n skerp rasseteenstelling in Suid-Afrika bestaan het, het hulle meestal as hulpleraars van blanke sendelinge op groot stasies, waar hulle terselfdertyd as onderwysers werksaam was, diens gedoen.

Ondanks alle vordering, het die aard en inhoud van die godsdienstige en morele onderrig onveranderd gebly. Ook is met behulp van die kweekskoolhoofde en ander sendelinge met die uitgawe van „De Bode" en „De Kindervriend" asook ander geskrifte vir gemeentelike werk voortgegaan. In 1914 is bovermelde tydskrif gestaak en deur die populêre Sondagblad, „Die Huisvriend", vervang.

Nadat eerw. R.J. Ballein in 1882 as direkteur en huisvader van die kweekskool afgetree het, is die vakature as hoof van die inrigting agtereenvolgens deur eerww. T.G. Renkewitz (1882-1904), A.A. von Dewitz (1904-'09), T.D. Schreve (1909-'13), R.J. Marx (1913-'20) en G. Hettasch (1921-'27) gevul.

Eerw. Renkewitz het insake die opleiding van Kleurlingkwekelinge geen beleid van samewerking met die Onderwysdepartement voorgestaan nie. Sy opvolgers daarenteë het weer toenadering gesoek en alles in hulle vermoë gedoen ten einde staatsteun vir die inrigting te verkry.

Wat die aard en inhoud van die opleiding van Kwekelinge betref, is steeds met die grootste nougesetheid getrag om aan die vereistes van die Onderwysdepartement te voldoen. So is dan kragtens 'n bepaling van dr. Dale vanaf 1873 kandidate vir die „Elementary Teachers' Certificate" voorberei. Engels is in die leerplan verpligtend gemaak terwyl Hollands op gelyke voet met Kaffertaal geplaas is. Nadat hierdie bepalings sowat twintig jaar in swang was, het die kwekelingstelsel op die lang duur heeltemal verouderd geraak. Ten einde verbetering in hierdie verband aan te bring, is die hele kwekelingstelsel in 1893 deur dr. T. Muir hersien en op 'n gesonde grondslag geplaas. Daarin is neergelê dat kandidate minstens veertien jaar oud moes wees en std. IV moes afgelê het. Verder is bepaal dat kandidate minstens tien uur per week aan praktiese onderwys moes bestee, terwyl hulle van die hoofonderwyser van hulle skool professionele onderrig van nie minder as vier uur per week moes ontvang nie. Die leerplan vir die kursus is aansienlik uitgebrei en vakke soos Engels, Hollands, Rekenkunde, Aardrykskunde, Geskiedenis, Sang, Teken, Swartbordwerk, Aanskouingslesse, Liggaamsoefening, Handwerk, Skoolbeheer en Higiëne ingesluit.

Aangesien hierdie eksamenvereistes volgens eerw. Renkewitz besonder hoog was, is die driejarige kursus vir Kleurlingkwekelinge aan die Kweekskool tot ses jaar verleng en bo en behalwe die voorgeskrewe leerplan is ander praktiese vakke soos drukwerk, houtwerk, tuinwerk en musiek bygevoeg. Daar hierdie veranderde kursus met verloop van tyd onprakties geblyk het, het eerw. Von Dewitz dit andermaal tot die

oorspronklike lengte gereduseer en met alle praktiese vakke soos drukkery finaal weggedoen.

Aan die begin van die twintigste eeu is die toelatingsvereistes gaandeweg verhoog en, toe in 1913 'n afsonderlike „Junior Pupil Teachers' Course" vir Kleurlinge ingestel is, is bepaal dat alle kandidate voortaan die std. VI-eksamen moes afgelê het.

In 1913 het die Onderwysdepartement vir die eerste maal staatsteun ter waarde van £200 per jaar aan die Kweekskool geskenk op voorwaarde dat die gekleurde assistent ('n instelling van eerw. Renkewitz) deur 'n blanke vervang word. Ten einde aan hierdie vereiste te voldoen, is mnr. E. Baumgarten in 1914 as prinsipaal en superintendent van die inrigting aangestel. Aangesien daar, by sy vertrek in 1920, nie verder aan bovermelde voorwaarde voldoen kon word nie, het die kweekskool opgehou om langer te bestaan. Om hierdie rede is alle kwekelinge met verlof van die Onderwysdepartement vanaf 1921 aan die Genadendalse Sendingskool opgelei.

Vanweë die reorganisasie en hervormingswerk wat deur dr. T. Muir en sy opvolger, dr. W.J. Viljoen, in verband met die onderwys in die algemeen teweeggebring is, het die Morawiese Sendingskole gedurende hierdie periode merkwaardige vordering gemaak.

Die geleidelike toename van 'n goed-opgeleide onderwyserskorps was veral te danke aan die feit dat daar reeds vanaf 1887 reëlings vir die instelling van goeiedienstoelaes en pensioene vir Kleurlingonderwysers getref is. Nadat dit in 1896 andermaal verhoog is, is in die daaropvolgende jaar eweneens 'n addisionele toelaag vir onderwysers in A1-skole, waar die gemiddelde bywoning meer as 100 leerlinge was, bo en behalwe die regeringstoelaag van £75, beskikbaar gestel. In 1918 het die Provinsiale Administrasie opnuut die salarisse van Kleurlingonderwysers gereël. Kragtens Ordonnansie

No. 12 is die maksimum salaris van hoofde toe op £108 per jaar en dié van assistente op £72 per jaar vasgestel met dien verstande dat die Onderwysdepartement £3 vir elke £1 deur die bestuurders van sendingskole gewaarborg, sou gee. Twee jaar later is bovermelde ordonnansie deur Ordonnansie No. 26 van 1920 vervang. As gevolg hiervan het die Provinsiale Administrasie vir die eerste maal onderneem om voortaan die hele salaris van Kleurlingonderwysers te betaal. Salarisverhoging het gevolg en ooreenkomstig die verbeterde skale is die maksimum vir hoofde op £144 per jaar en dié vir assistente op £96 per jaar vasgestel. Ook hierdie ordonnansie is herroep en so is teen die einde van hierdie periode die bekende Gekonsolideerde Onderwysordonnansie No. 5 van 1921 passeer. Onder die nuwe voorgestelde skaal is 'n maksimum salaris van £120 vir alle assistente na 21 jaar diens asook 'n addisionele verhoging van £20 aan alle onderwysers met 'n kwalifikasie hoër as die gewone 03 (Junior) in die vooruitsig gestel. Voorts is ook aangekondig dat die maksimum salaris van skoolhoofde, in gevalle waar die gemiddelde inskrywing meer as 100 leerlinge is, verhoog en 'n geringe differensiasie tussen die salarisse van manlike en vroulike hoofde aangebring sou word.

Dit ten spyt het alle verantwoordelikheid insake die verskaffing van skoolgeboue nog steeds op die skouers van die sendinggenootskappe gerus. Desnieteenstaande is nuwe skole op alle hoof- en die meeste buitestasies wat gedurende hierdie periode aangelê is, gestig. Bowendien is ook met behulp van die Sendingdireksie en plaaslike bydraes nuwe skoolgeboue vir Genadendal (1880, 1885, 1892, 1894), Elim (1877 en 1913), Houtkloof (1904), Goedverwacht (1912), Bloulelesbosch (1914) en Wittewater (1918) opgerig. Vanaf 1 April 1918 het ook in hierdie verband verbetering gevolg toe vir alle goedgekeurde skoolgeboue wat na hierdie datum opgerig is, 'n jaarlikse huurtoelaag van 3% op die bou-

koste betaal is.

Origens is die inhoud van die onderwys wat omstreeks die begin van hierdie periode slegs uit Godsdiensonderrig, lees, skrywe en reken bestaan het, aansienlik verryk toe daar deur die toedoen van dr. Muir in 1887, naas die bestaande elementêre leerplan ook vakke soos sang, naaldwerk, houtwerk, teken, kookkuns, natuurstudie, ens. vir die eerste maal ingevoer is. Deur middel van spesiale instrukteurs is ook daarvoor gesorg dat genoemde vakke behoorlik in sendingskole georganiseer en doseer is.

Ondanks hierdie bemoedigende vordering het die bywoning in die Morawiese Sendingskole veel te wense oorgelaat. Eers nadat skoolgelde, wat ʼn uiters nadelige uitwerking op die skoolwese in die algemeen gehad het, in 1918 afgeskaf is, het die skoolbywoning langsaam maar seker toegeneem.

(f) Vanaf 1922 tot 1950 is die organisasie en geestelike leiding van die Morawiese Sendinggenootskap deur eerww. R.J. Marx (1912-'35) en P.W. Schaberg (1935- tot op die hede) waargeneem. Net soos hulle voorgangers het ook hulle ʼn kragtige uitbreidingsbeleid voorgestaan. Deur middel van lenings vir die aankoop van eiendomme, is dan naas die bestaande skenkingstasies, eiendomstasies en vrystasies waarna ons vroeër verwys het nog ander buiteposte te Moutonsvlei (1923) en Sanddrift (1935) vanuit Goedverwacht, Doriskraal (?) vanuit Wittekleibosch, Kousa (?) en Komansbos (?) vanuit Blouleliesbosch, Fairview (1936), Veeplaats (1936), Loerie (1940) en Salisburypark (1942) vanuit Moravian Hope, Welkom-Landgoed (?) vanuit Lansdowne, Steenberg (1936), vanuit Moravian Hill en Elsiesrivier (?) en Langa (?) vanuit Maitland aangelê. Hierbenewens sluit die sendingsfeer nog verder ʼn groot aantal preekplekke, wat gedurende hierdie periode vanuit die hoofstasies bearbei word, in.

Alle eiendom- en vrystasies het gedurende die jongste

tyd goeie vordering gemaak en die kerklike en burgerlike aangeleenthede toon tekens van kerngesondheid. Die skenkingstasies (Clarkson uitgesluit), daarenteë, het vanweë gebrek aan leiding en die vervaging van 'n gemeenskaplike aandagsfaktor so agteruitgegaan dat hulle as broeineste, waar materialiste een agitasie na die ander van stapel gestuur het, bestempel kan word. Ten einde hierdie eertydse florerende gemeenskappe van totale ondergang te red, is die beheer van hierdie sendingstasies in 1944 aan die Departement van Volkswelsyn en Demobilisasie opgedra. Alhoewel die bestuursrade behou is, is daar vanaf 1949 blanke superintendente wat 'n belangrike rol in die heropbou van die Kleurlinggemeenskappe speel, aangestel.

Ten einde groter selfstandigheid aan die Morawiese Broederkerk in die Westelike Kaapprovinsie te verleen, het die Algemene Sinode te Herrnhut in 1909 besluit om aan hulle 'n eie kerkorde te gee. Ooreenkomstig hierdie besluit is dan opdrag aan die leraars gegee om 'n tentatiewe kerkorde voor te berei. Na heelwat vertraging tydens die Eerste Wêreldoorlog, het hierdie gedenkwaardige historiese dokument uiteindelik sy beslag gekry toe dit in 1921 deur bovermelde liggaam goedgekeur en in die daaropvolgende jaar finaal deur die Kerkkonferensie te Elim bekragtig is.

Vanaf 1922 is die leiding van die kerk, die beroep van leraars, hoofde van kerkskole en assistente in diens van die kerk, asook die beheer van die Algemene Kerkkas, deur 'n Provinsiale Bestuur van drie lede behartig. In 1927 is vervolgens 'n belangrike mylpaal bereik toe die Algemene Sinode 'n besluit van die Kerkkonferensie wat die Morawiese Broederkerk die reg verleen het om vaste eiendomme te verkry, goedgekeur het. Deur middel van 'n groot geskenk van die Sendinggenootskap het die Morawiese Broederkerk die eienaar van nie minder as vyf stukke grond wat in naam in trust van die kerk oorgedra is, geword.

Alhoewel daar groot dankbaarheid oor hierdie geskenk betuig is, is gaandeweg besef dat, indien alle eiendomme wat op die naam van die „Moravian Mission Institution" en/of die „Moravian Mission Trading Company" staan, nie onvoorwaardelik oorgedra word nie, daar van volle selfstandigheid geen sprake kon wees nie. Aangesien die kwessie van oordrag ŉ baie ingewikkelde saak was en alle onderhandelings met oorsese liggame tydens die Tweede Wêreldoorlog afgebreek is, het heelwat onaangenaamhede ontstaan wat byna tot afskeiding van die Morawiese Broederkerk alhier gelei het. Ten einde soiets te voorkom, het die Algemene Sinode te Bad Ball, Württemburg in 1948 besluit dat alle eiendomme binne ŉ periode van tien jaar oorgedra sal word, mits die Morawiese Broederkerk alhier onderneem om alle finansiële verantwoordelikheid in verband met die Sending (die salarisse van blanke leraars ingeslote) self te dra. Vanaf 11 Junie 1949 beleef die Morawiese Broederkerk in die Westelike Kaapprovinsie nou die fase van ŉ Selfstandige Provinsie van die Internasionele Broederkerk in oorgangstadium.

Ondanks al hierdie verwikkelings is die opleiding van Kleurlinggeestelikes voortgesit. Gevolglik is driejarige kursusse aanvanklik in Genadendal, daarna in Elim en uiteindelik in Moravian Hill gereël. Met ŉ eie opgeleide korps van geestelikes kon die selfstandigheidsgedagte derhalwe verder uitgebou word en so is die blanke sendelinge met verloop van tyd deur Kleurlingleraars vervang.

Vanweë al hierdie bedrywighede van die Morawiese Broederkerk het die aantal lidmate fluks toegeneem. Baie van die buitestasies soos Blouleliesbosch (1935), Lansdowne (1935), Fairview (1936), Steenberg (1948) en Moutonsvlei (1949) wat vroeër of in die jongste tyd aangelê is, het so opgang gemaak dat hulle tot selfstandige gemeentes verhef is. Origens is ook nuwe kerkgeboue in Maitland (1925),

Zondagskloof (1928), Welkom-Landgoed (1937), Lansdowne (1939), Loerie (1943) en Riverlands, Pella (1945) daargestel.

Ofskoon die wese van die godsdienstige en morele onderrig nog in hoofsaak dieselfde gebly het, is sake soos die geloofsbelydenis, bestuur van die gemeente, godsdiensoefeninge, herderlike sorg, bediening van die sakramente, verdeling van die gemeente in klasse, kerklike tug, ens. weereens in die Kerkorde as grondslag, waarop in die toekoms gebou moes word, vasgelê. Bowendien is ook getrag om deur Christelike Verenigings, kerkmusiek, geskikte lektuur en geskrifte ter bevordering van die gemeentelike werk, die geestelike en sedelike moraal van die lidmate te bevorder.

Alhoewel Kleurlingonderwysers nog tot 1935 aan die Genadendalse Sendingskool opgelei is, is die Rynse Sendingskool te Worcester in 1929 as ꞌn interkerklike opleidingskool vir die Morawiese, Rynse en Berlynse Sendinggenootskappe deur die Provinsiale Administrasie omskep. Deur middel van losies- en vervoerbeurse wat in 1930 vir studentonderwysers ingestel is, was dit nou vir elke belowende lidmaat van die Morawiese Sendinggenootskap moontlik om sekondêre onderrig of opleiding as onderwyser aan bovermelde of enige ander opleidingskool vir Kleurlinge te ontvang.

Ten einde tred met die snelle ontwikkeling van onderwys in die algemeen te hou, moes die toelatingsvereistes en die inhoud van die onderwyserskursusse vir Kleurlinge gaandeweg verhoog word. So is dan gedurende die twintigerjare die ou „Pupil Teachers' Junior" afgeskaf en in plaas daarvan is agtereenvolgens ꞌn driejarige Primêre Laer Sertifikaat met std. VI as toelatingsvereiste (1924), ꞌn tweejarige Primêre Hoër Sertifikaat met std. VIII as toelatingsvereiste (1926) en ꞌn kursus vir Kleinkinderonderwyseresse (1929) ingestel. In 1935 is die toelatingsvereistes vir die Primêre Laer Sertifikaat van std. VI tot VIII opgeskuif. Die naam

van die sertifikaat asook die salaris daaraan verbonde, is behou, maar ten einde 'n onderskeid tussen die Laer- en die Hoër Sertifikaat te maak, is 'n meer gevorderde en uitgebreide kursus vir laasgenoemde ingestel. Hierbenewens is ook in dieselfde jaar vir die afneem van 'n Tweetaligheidsertifikaat aan Kleurlingopleidingskole voorsiening gemaak. Met die verhoging van die toelatingstandaard tot die Junior Sertifikaat het die Primêre Laer Sertifikaat na 1937 heeltemal verdwyn en so is daar met behulp van 'n paar geringe veranderings die kursus van hierdie sertifikaat vir die nuwe Primêre Onderwysersertifikaat van 1938 van toepassing gemaak. Terselfdertyd is ook spesiale eenjarige kursusse, geskoei op die lees van die spesiale kursusse aan blanke opleidingskolleges, ter verkryging van 'n Hoër Primêre Onderwysersertifikaat in houtwerk, naaldwerk, musiek, liggaamsopvoeding, ens. ingestel.

In 1941 is 'n belangrike stap vooruit insake die opleiding van Kleurlingonderwysers gedoen, toe 'n opleidingsinrigting vir studente wat die Senior Sertifikaat behaal het, in die Hope Lodge-gebou, Roelandstraat, Kaapstad, gestig is. Aan hierdie inrigting is in 1942 die status van 'n opleidingskollege verleen en dit staan sedertdien as die Hewat Opleidingskool, bekend. Hierdie inrigting bied 'n tweejarige kursus ter verkryging van die Gevorderde Onderwyser - sertifikaat vir Kleurlinge aan.

Indien Kleurlingonderwysers egter voornemens is om 'n Sekondêre Onderwysersdiploma of 'n graad in die Opvoedkunde te verwerf, moet hulle nog steeds een van die inrigtings vir Hoëronderwys, waar toelating aan gekleurdes verleen word, bywoon.

Voor 1919 het dieselfde amptenare wat met die beheer van blanke skole belas is, die beheer van Kleurlingonderwys behartig. Aangesien dit in 1919 duidelik geblyk het dat

nie-blanke onderwys nie die aandag geniet het wat dit behoort te kry nie, is 'n spesiale afdeling vir nie-blanke skole deur die Provinsiale Administrasie in die lewe geroep. Daar hierdie maatreël ook nie voldoende was nie, is vervolgens in 1930 'n Kleurlingskoolafdeling met 'n verantwoordelike amptenaar aan die hoof, gestig.

Wat die plaaslike beheer van die Morawiese Sendingskole betref, benoem die Provinsiale Bestuur sedert 1922 vir elke skool 'n bestuurder. Ofskoon laasgenoemde vir die benoeming van onderwysers verantwoordelik is, geskied die beroep van hoofde van skole, bestraffing en ontslag van onderwysers, wat hulle opvoeding op koste van die Sending of die Kerk ontvang het, deur die Provinsiale Bestuur.

Benewens hierdie reorganisasie het onderwyshoofde soos dr. W.J. Viljoen, prof. M.C. Botha en dr. W. de V. Malan as begunstigers van Kleurlingonderwys steeds getrag om personeelvoorsiening in die Sendingskole op 'n gesonde grondslag te plaas. Dientengevolge is na verskillende pogings om die salarisse in 1923 en 1925 te verhoog, uiteindelik daarin geslaag om deur middel van die Wysigingsordonnansie van 1930 die salarisse van Kleurlingonderwysers vir die eerste maal op 'n bevredigende basis te plaas. Nadat hierdie skale vir enige jare in swang was, is in die veelomvattende verslag van die Kommissie insake die Kaapse Kleurlingbevolking (1937) daarop gewys dat die salarisse van Kleurlingonderwysers veel te wense oorgelaat het. Vanweë die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, twee jaar later, is die salarisskale, ooreenkomstig die aanbevelings van die Kommissie, eers in 1943 hersien. Kragtens Ordonnansie No. 18 van 1944 is die minimum- en maksimum-salarisse verhoog, die jaarlikse verhogings verdubbel, en die instelling van hoof-assistentbetrekkings op 'n ruimer grondslag geplaas. Voorts is ook vir die toestaan van gewone verlof en verbeterde pensioenbepa-

lings voorsiening gemaak.

Gedurende 1946 is vervolgens 'n belangrike voorwaartse stap, betreffende die salarisskale en diensvoorwaardes van Kleurlingonderwysers gedoen. Volgens die Wysigingsordonnansie van 1946 berus die nuwe salarisskale op die grondslag van viervyfdes van dié van blanke onderwysers. Origens is ook vir verbeterde verlofvoorwaardes voorsiening gemaak, terwyl die vooruitsigte van vroeër bevordering van onderwysers, deur die skepping van betrekkings van assistente van spesiale graad, in die vooruitsig gestel is.

Aangaande die stigting van nuwe skole, asook die verskaffing en instandhouding van skoolgeboue, het die verantwoordelikheid nog steeds op die skouers van die Morawiese Sendinggenootskap, meer bepaald die leraars van die verskillende gemeentes, bly rus. Aangesien die finansiële ondersteuning wat die sendinggenootskappe in hierdie verband van die Provinsiale Administrasie ontvang het heeltemal ontoereikend was, is in 1928, kragtens Ordonnansie no.25 nie alleen die toelaes, bereken op die boukoste of aankoop van nuwe geboue van 5% tot 6% verhoog nie, maar toelaes, bereken op 'n grondslag van 2% van die Provinsiale waardasie vir reparasie van ou skoolgeboue, ook ingevoer. Met behulp van hierdie toelaes, lenings en ander fondse wat plaaslik ingesamel is, is gedurende hierdie periode op alle nuwe buitestasies, behalwe Salisbury Park, Loerie en Walmer in Port Elizabeth en Elsiesrivier en Welkom-Landgoed in Kaapstad, nuwe skole geopen. Behalwe tydelike lokale wat vir kerk- en skooldoeleindes op sommige buitestasies opgerig is, is verder ook nuwe skoolgeboue vir Mamre (1928), Wittewater (1928), Moravian Hope (1929), Lansdowne (1929), Greyton (1933), Houthoof (1934), Fairview (1936), Korsten (1936), Steenberg (1937), Doriskraal (1937), Modderrivier (1937), Veeplaats (1938), Kafferbos (1938), Moutonsvlei

(1940), Komansbos (1940), Witteklip (1947) en Voorstevlei (1947) daargestel. Vervolgens moes ook van tyd tot tyd nuwe klaskamers, om die groeiende skoolbevolkings te huisves, aangebou word.

Onder die merkwaardige vooruitgang wat in spesifieke rigtings gemaak is, kan o.a. ook die opening van 'n Sekondêre Skool vir Genadendal (1938), wat in 1947 tot die status van 'n Hoërskool verhef is, genoem word.

Ondanks al hierdie vordering en ongeëwenaarde ontwaking van Kleurlinge in die algemeen, was dit 'n betreurenswaardige kenmerk dat die meeste leerlinge die Morawiese Sendingskole verlaat het voordat hulle std. VI behaal het. Ten einde verbetering in hierdie verband aan te bring, is kragtens Ordonnansie No. 11 van 1945 vir die eerste maal verpligte skoolbesoek vir Kleurlingleerlinge tussen 7 en 14 jaar geleidelik ingevoer. Verder is daar ook vir die instelling van 'n Kleurlingonderwyserskomitee vir elke distrik waar die Skoolraad nie bereid of in staat is om Kleurlingonderwys te bestuur nie, voorsiening gemaak.

Ofskoon vir Primêre Kleurlingskole 'n afsonderlike leerplan in 1923 ingestel is, toon dit in groot mate 'n ooreenkoms met die primêre leerplan van blanke skole. In die sekondêre afdeling volg Kleurlingkinders egter dieselfde leerplan as blankes en skryf hulle dieselfde Junior Sertifikaateksamen aan die einde van std. VIII-stadium en die Senior Sertifikaateksamen aan die einde van die std. X-stadium. Origens word in die jongste tyd ook veel aandag aan die verskaffing van geskikte leesstof, behoorlike skoolvoeding asook die beoefening van gesonde sportsoorte, geskenk.

2. Gevolgtrekkings.

Aangaande die mate van welslae wat die Morawiese Broeders met die bereiking van hulle doelstellings behaal het, het ons tot die volgende gevolgtrekkings geraak:

(a) Beskawing van die Hottentotte en ander Vry Swartes.

In teenstelling met die opvattings van die Londense en ander sendinggenootskappe in Engeland en Skotland insake die opheffing van die ontstamde, nomadiese Hottentotte en ander Vry Swartes, wat aanvanklik binne die grense van die Kaapkolonie gewoon het, het die Morawiërs van die standpunt uitgegaan dat alle kerstening van die heidene, sonder beskawing, vrugteloos is. Sonder om tot die peil van die onbeskaafde inboorlinge te daal, het die Broeders vanuit die staanspoor 'n gesonde beleid van „Trennung" (segregasie) voorgestaan en alles in hulle vermoë gedoen om die sosiale euwels en probleme, wat tot die ontworteling van hulle kuddes alhier gelei het, te bestry.

Ten einde so 'n kentering te bewerkstellig, is alle heidense en vreemde ideologieë, wat skyngeluk beloof, deur die daarstelling van maatskaplike instellings soos kerke en skole bestry. Gewoontes van arbeidsaamheid is ook aangekweek en deur middel van voorligting in verband met tuinbou- en boerderymetodes asook die instelling van nywerhede soos smidswerk, houtwerk, wamakery, tuiemakery, ens. is die eertydse heidene tot bruikbare burgers van die maatskappy gevorm. Bowendien is ook getrag om aaklikge naaklopery teë te werk, hutte deur huise te vervang en ingewortelde maatskaplike euwels soos dronkenskap en onsedelikheid te beveg.

Ofskoon dit nooit die doel van die Morawiese Broeders was om die Kleurlinge rasbewus te maak nie, maar eerder tot bruikbare godsdienstige lede van die verskillende gemeenskappe op te hef, het die onderwys en voorligting van die sendelinge tog baie daartoe bygedra om die nasionale bewus-

wording van die Kleurling te bevorder. Daar dien egter op gelet te word dat die opvlammende Kleurlingnasionalisme van resente datum eerder toegeskryf moet word aan kommunistiese ingewing as dat dit 'n gevolg van die sendingwerk is.

(b) Geestelike opheffing en die daarstelling van 'n selfstandige Morawiese Broederkerk.

Ooreenkomstig die beleid van die Morawiese Broeders het die kerstening eers gevolg nadat hulle daarin geslaag het om van die Heidene mense te maak.

Namate die inboorlinge dan meer en meer beskaafd geraak het, het Gods Woord des te makliker by hulle ingang gevind. Bekerings het gevolg en op grond hiervan kon die eerste lidmate gedoop en later as avondmaalgangers voorberei en aangeneem word. Hierdie eerste suksesse insake die geestelike kentering by sommige volgelinge te Genadendal het nie alleen soos veldbrand versprei nie, maar tewens ook die sendelinge aangemoedig om meer sendingstasies aan te lê.

Vanweë hierdie vordering is vanaf 1869, kragtens 'n besluit van die Algemene Sinode, daartoe oorgegaan om selfstandige gemeentes, wat deur die leraars bedien kon word, te stig. Aangesien die blanke leraars tot dusver slegs van sendelinghelpers, opgeleide evangeliste en onderwysers met spesiale opdrag gebruik gemaak het, is vervolgens in 1883 die eerste twee Kleurlingonderwysers van die Morawiese Broederkerk georden en in 1887 'n Teologiese Kursus aan die kweekskool te Genadendal vir die opleiding van Kleurlinggeestelikes ingestel. Hierdie veelsydige jongmanne wat aanvanklik aan die sorg van blanke leraars toevertrou is, het gaandeweg soveel waardevolle ondervinding as hulpleraars opgedoen, dat hulle in die jongste tyd in die meeste opsigte as die waardige opvolgers van hulle blanke kollegas bestempel kan word.

Die selfstandigwording van die Kleurlinggemeentes, kragtens die Kerkorde van 1922, is dus 'n natuurlike uitvloeisel van die sendingwerk wat deur die Morawiese Broeders verrig is. Die Morawiese Broederkerk wat derhalwe uit hierdie gemeentes gekristalliseer het, is nog die vergestalting van die hoë roeping wat die Herrnhutters met hulle na Suid-Afrika gebring het. Selfs die lig wat in 1737 op Genadendal aangesteek is, word tans verder deur Afrika gedra, waar die kerk sedert 1927 'n eie sendeling in Mbozi, Tanganyika, onderhou. Kortom, die pionierswerk wat deur die Broeders in verband met die kerstening van die heidene en die stigting van 'n selfstandige Morawiese Broederkerk, onderneem is, is derhalwe met die genade Van God na twee eeue bestendig.

(c) <u>Pionierswerk insake die stigting van dagskole en 'n normaalskool vir Kleurlinge.</u>

Ook die onderwyspogings van die Morawiërs was nie van sukses ontbloot nie. Die pionierswerk wat deur Schmidt tussen die jare 1737 tot 1743 onder die volwassenes en kinders begin en byna 'n kwarteeu later deur sy opvolgers en hulle gades met behulp van eie fondse voortgesit is, het binne die raamwerk van die stelsellose onderwys wat Kaapland gedurende die eerste vier dekades van die neëntiende eeu gekenmerk het, buitengewoon gebloei.

Met behulp van staatsteun wat vanaf 1841 ten opsigte van die salarisse van onderwysers ontvang is, asook fondse wat plaaslik ingesamel en deur die Sendingdireksie vir die oprigting van skoolgeboue vrygestel is, is in die daaropvolgende jare ywerig gewoeker totdat die Provinsiale Administrasie uiteindelik in 1918 volle verantwoordelikheid vir Kleurlingonderwys, uitgesonderd die oprigting en instandhouding van skoolgeboue, aanvaar het. Vanweë hierdie en ander tegemoetkomings soos die betaling van huurtoelaes en toelaes vir reparasie, beskik die Morawiese Sending vandag oor 'n groot aantal moderne skoolgeboue wat baie gunstig met dié

van blankes vergelyk. Alle kragte word derhalwe ingespan om die skool binne die bereik van elke Kleurlingkind te bring.

Wat die aard en inhoud van die onderwys in die dagskole betref, het godsdiensonderrig ooreenkomstig die Morawiese geloofsoortuiging van die ouers van die skoolgaande kinders nog steeds 'n sentrale plek in die leerplan ingeneem. Hierbenewens is ook ander skoolvakke soos deur die Onderwysdepartement voorgeskryf deur middel van Afrikaans, die spreek- en omgangstaal van die Kleurlinge, onderwys.

Ook wat die opleiding van eie leerkragte betref, het die Morawiërs hulle gewis onderskei en in hierdie verband altans die toon vir bykans 'n eeu op onderwysgebied aangegee. Die opening van 'n kweekskool te Genadendal vir die opleiding van Kleurlingonderwysers getuig bepaald van pedagogiese insig en durf veral as ons daaraan dink dat daar destyds nie 'n dergelike inrigting vir blankes in Suid-Afrika bestaan het nie en dat normaalskole in Engeland eers in hierdie tyd ontstaan het. Nog belangriker as dit is die feit dat hierdie inrigting vir sowat 90 jaar bestaan het terwyl soortgelyke inrigtings soos die Staatsnormaal (1842-'59), die Kerklike Normaalskool te Kaapstad (1849-'51) en die beroemde Kerklike Normaalskool onder mnr. J.R. Whitton (1874-1915) wat op finansiële steun kon reken, nie so lank kon volhou nie en derhalwe die stryd gewonne moes gee.

Die sowat 236 onderwysers(esse) wat hulle opleiding aan die Genadendalse Kweekskool ontvang het, het dan ook geensins die inrigting in die skande gesteek nie, maar deur 'n lewe van toewyding die saak van die onderwys en die Sending kragtig ondersteun. Bowendien het daar ook soveel liefde en gloed van hierdie eerste skoolmeesters vir die onderwys uitgegaan dat onder die nasate van oud-Kleurlingonderwysers vandag nog etlike gevalle voorkom waar kleinkinders en agterkleinkinders die onderwysprofessie tot lewenstaak gekies het.

Nadat hierdie inrigting dan vir sowat twee eeue waardevolle dienste in belang van die onderwys gelewer het, is hierdie eertydse beroemde bakermat van opvoeding vanweë die reorganisasie van die Kaaplandse onderwysstelsel in 1928 deur interkerklike opleidingskole vir Kleurlinge vervang. Nietemin speel hierdie eerste kweekskool vandag nog, as hoërskool vir Kleurlingkinders, 'n uiters belangrike opvoedkundige rol.

(d) Opvoeding van Kleurlinge om gemeenskaplike aangeleenthede te behartig.

Selfs in hierdie opsig het die sendelinge nie versuim om hulle volgelinge op te voed nie. Ondanks die beswaar van negrofiliste dat die Morawiërs hulle volgelinge in 'n toestand van „tutilage" en „pupilage" hou, het die Broeders, sodra die werksaamhede insake die handhawing van goeie wet en orde te veel geword het, „opzieners" wat 'n wakende oog oor die burgerlike aangeleenthede van elke sendingstasie moes hou, aangestel. Hierbenewens is ook reëls en regulasies vir elke stasie opgestel wat van tyd tot tyd verander is om tred met die ontwikkeling van die individuele gemeenskappe te hou.

In 1827 is die eerste Raad of Helperkonferensie bestaande uit sendelinge, kerkdienaars en opsigters vir Genadendal ingestel en sedertdien is hierdie vorm van lokale bestuur ook op die ander sendingstasies van toepassing gemaak. Aangesien die ingesetenes van Genadendal, Mamre en Enon na sowat driekwart eeu nie meer met hierdie vorm van plaaslike bestuur gediend was nie, het die regeringsowerhede op versoek van die sendelinge die „Land Mission Bill" in 1909 deur die parlement geloods en so is alle Helperkonferensies op hierdie stasies met Kleurlingbestuursrade vervang. Wat die toekomstige beheer van alle ander sendingstasies betref, sal daar, met die oog op die oordraging van alle sendingeiendomme, ook eersdaags selfstandige besture vir Kleurlinge

ingestel word.

Ook in hierdie opsig het die Kleurlinge dus volop geleentheid vir selfontplooiing gehad.

(e) Bevordering van die materiële welvaart van Kleurlinge.

Aangesien die Morawiërs 'n sterk geloof in die adel van arbeid en die skepping van 'n groepsgees gehad het, het hulle ook die organisasie van elke sendingstasie op dieselfde patroon wat in Herrnhut van toepassing was, geskoei. Alle vry swartes of veragtelike Hottentotte wat derhalwe voornemens was om hard vir 'n eerlike bestaan te werk en 'n godvrugtige, regverdige en sober lewe te lei, is tot die sendingstasies toegelaat. Diegene wat hulle op die skenkingstasies gevestig het, het 'n woonerf, 'n besproeibare tuinerf, 'n saailand en die reg om 'n sekere aantal diere aan te hou, besit. In die geval van die eiendomstasies is die neersetters toegelaat om 'n eiendom te huur en te bewoon solank hulle die regulasies van die sendingstasie eerbiedig.

Om die verskillende gemeenskappe so selfstandig moontlik te maak, is voorts ook van tyd tot tyd nywerhede vir elke stasie opgerig waar landboukundige, vakkundige en industriële voorligting deur die leraars en hulle gades aan volwassenes verskaf is. Namate die swerwerslewe dan deur 'n meer gevestigde agrariese bestaan vervang is, het baie ingesetenes in hulle eie behoeftes voorsien deur tuine en saailande te bewerk terwyl andere as vaklui of seisoenswerkers 'n lewensbestaan op naburige plase gevind het.

Vanweë die meganisering van die boerderybedryf in die jongste tyd, het die arbeidsfasiliteite vir Kleurlinge, wat uitsluitlik tot die laer inkomstegroep behoort, geleidelik ingekrimp. Skaapwagters, ossewadrywers, wamakers en smede vind gevolglik tans minder werk as wat vroeër die geval was. Desnieteenstaande is daar nog altyd volop geleentheid vir vlytiges om as kleinboere, tuiniers en vaklui 'n goeie bestaan

te maak.

Die posisie van die ingesetenes op buitestasies, .waar geen grond of vaste eiendom verkry kan word nie, is wesentlik ongunstiger as dié van hoofstasies aangesien hulle lewenstog tot dagloon beperk is. As gevolg van hierdie enigsins beperkte moontlikhede, het baie volgelinge die platteland verlaat om in stede beter verdienstes en betrekkings te gaan soek.

(f) <u>Versorging van bejaardes en gebreklydendes</u>.

Origens het die Morawiese Broeders ook aan bejaardes en gebreklydendes, meer bepaald dié wat geen vriende of familiebetrekkings gehad het om hulle te versorg nie, tuistes op die sendingstasies gebied. Hierdie belangrike diens in belang van die Kleurlinggemeenskap is vir sowat twee eeue slegs in die geloof en met behulp van onverwagte skenkings van filantropiese vriende van oorsee en plaaslike bydraes onderneem. Ofskoon toestande in die jongste tyd aanmerklik verbeter het en bemoedigende pensioene deur die regering aan dusdanige gevalle betaal word, word nogtans heelwat liefdadigheidswerk deur Susters- en Jongdogtersverenigings, soos van 'n redelik beskaafde gemeenskap verwag kan word, verrig.

3. <u>Implikasies</u>.

Bovermelde suksesse hou nogtans ernstige implikasies vir die toekoms in.

(a) Hoewel die Morawiese Broeders daarin geslaag het om hulle volgelinge te beskaaf, het die Kleurling inderdaad niks meer ten opsigte van tradisie en kultuur om op trots te wees nie. Die ou Hottentotstamme het wel 'n eie tradisie en kultuur gehad, maar die hedendaagse Kleurling wil niks met sy Hottentotverlede te doen hê nie. Aangesien hulle ook nie opgewasse is om die blanke beskawing te aanvaar nie (met weinige uitsonderings), lê die gevaar daarin

dat hulle doelbewus die skakels met die verlede, veral waar dit na hulle inboorlingoorsprong verwys, totaal kan uitwis.

Dit sou egter jammer wees om die ou Hottentot-kultuur vir die nageslag te verloor. Aan die ander kant sou dit inderdaad 'n prestasie vir die Kleurlinge wees indien hulle in die toekoms daartoe instaat sou wees om 'n eie kultuur op te bou.

(b) Ofskoon die geestelike bearbeiding van siele binne die bereik van die meeste Kleurlinge geleë is, is die geestelike leiers vandag so politiekbewus, dat die gevaar bestaan dat dinge van nasionale belang voorrang bo geestelike vooruitgang mag geniet.

Voorts wil dit voorkom asof daar ernstige gebrek aan rypheid en konsekwente godvrugtigheid by sommige Kleurlingleraars te bespeur is. Tirannisering en verdoeming van swakkelinge deur leraars wat ook mank gaan aan menslike swakhede, kan die werk veel skade berokken. Dit skyn dus asof diesulkes nog nie die groot waarheid van die liefde van Christus kan snap en verkondig nie, maar steeds bly voortborduur op die toorn van God.

Bowendien is die sedelike norm van alle Kleurlinge nie alleen laag nie, maar dit verskil ook wesentlik van dié van Blankes. Vanweë die gebrek aan voorligting, verkeerde leesstof, bioskope ens. kom jeugdige seksualiteit dikwels voor en, omdat aan onegtelikheid geen stigma kleef nie, is daar selde 'n familiekring waar nie 'n onegte geval te vind is nie. Selfs drankmisbruik kom by hulle as 'n groepsverskynsel voor en die liggaam word dikwels ten koste van 'n onversadigde dors afgeskeep.

(c) Skoolpligtigheid soos deur die Provinsiale Ordonnansie van 1945 vasgelê, word deur sommige Kleurlingonderwysers voorgehou as 'n uitvloeisel van druk wat hulle op die owerhede in dier voege uitgeoefen het. Afgesien van hierdie

aanmatiging toon dit vir ons baie duidelik in watter ernstige lig Kleurlinge hulle skoolopvoeding beskou. „Geleerdheid is derhalwe die hoogste ideaal van die Kleurling en, om dit te bereik, beteken die bereiking van 'n status van aansien onder sy volksgenote. So sterk het hierdie neiging al geword dat godsdienstige aangeleenthede soos die voorbereiding vir „aanneming" met „geleerdheid" verwar word. Ten einde 'n status binne hulle volksgroep te verkry, doen sommige plaasvolk by die leraar vandag aansoek om gedoop te word sodat hulle instaat kan wees om te sê dat hulle wel 'n maand skool gehad het.

Bowendien bly die grootste leemte vir Kleurlingonderwys nog steeds dat daar hoofsaaklik slegs een beroep vir hulle oopstaan, nl. onderwys. Daar is dus 'n skreiende gebrek aan landboukundige, vakkundige en industriële onderwys.

(d) Sonder om die groot werk van die baanbrekers en ander steunpilare te minag, is dit duidelik dat die leierskap op alle sendingstasies vir 'n te lang en ononderbroke periode in 'n onverbiddelike en onbuigbare vorm geniet was. Besture bestaan wel en, hoewel dit verteenwoordigend is, is die ingesetenes nooit tot verantwoordelike samewerking gelei nie. Om nou onder sulke omstandighede verantwoordelikheid te aanvaar, is geen natuurlike oorgang nie, maar 'n sprong met 'n ontbrekende oorgangstadium. Desnieteenstaande sou dit nogtans aanbeveel word aangesien so 'n oordrag moontlik kan bydra om die kerklike disintegrasie teë te werk.

(e) Ten slotte hou die oordrag van alle eiendomme wat aan die „Moravian Mission Institution" en/of die „Moravian Mission Trading Company" behoort, ook 'n ernstige implikasie vir die toekoms in.

Aangesien die Kleurlinge in die algemeen 'n gebrek aan besigheidservaring en 'n wanbegrip van die waardes en potensiële waarde van grond in hulle besit openbaar, asook 'n gebrek aan vlyt, ondernemingsgees en kennis van of op-

leiding in die meer gevorderde boerderymetodes toon, sal daar met die oog op voorliefde vir die kredietstelsel en die gevaar van die verlies en verwaarlosing van grond vir kontrole van buite voorsiening gemaak moet word. Origens moet daar toegesien word dat aan geskoolde en halfgeskoolde arbeiders 'n mate van beskerming verleen word daar hulle weens fisiese inferioriteit nie met die Blanke en Naturel, op die gebied van veeleisende hande-arbeid, kan meeding nie.

Ondanks al hierdie dreigende gevare, glo ons dat die heil van die Kleurlinge daarin lê dat hulle besef dat hulle 'n aparte rassegroep is, daarop trots sal wees en dat hulle dienooreenkomstig tot 'n selfstandige, selfonderhoudende en selfversorgende gemeenskap op Christelik-Nasionale grondslag sal ontwikkel.